HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Algemene Oueromsendbrief nommer 27 van 2020

8 September 2020

Geagte Ouers/Voogde, Personeel en Leerders

Met ’n bietjie geluk, is die ergste koue nou verby. Kovid bly egter deel van ons lewens. Nasionale getalle wat daal, beteken nie dat ons nou kan ontspan en voorskrifte en reëls ignoreer nie. Ons moet op ons hoede bly en elke dag beredeneerd ons dagtaak aanpak om so goed as moontlik te verseker, dat ons nie onnodig aan die virus blootgestel word nie.

Die dra van maskers, sanitering, die handhawing van ’n sosiale afstand en die gereelde was van hande bly die basiese norm waaraan ons almal moet voldoen.

Ons het tans enkele persone wat in self-isolasie is nadat hulle blootgestel was aan ’n derde party wat positief vir die virus getoets het. Ons benadruk ook weer dat indien iemand verkoue of griepsimptome toon, hulle eerder by die huis moet bly. Hierdie praktyk het help verseker dat ons nie ’n uitbreek van Kovid-gevalle by die skool ervaar het nie en ons sou dit graag só wou hou. Baie dankie vir almal se samewerking.

Algemene Jaarvergadering van die ouers 2020

Ons gaan vanjaar hierdie vergadering aanlyn hou. Daar sal eersdaags ’n skrywe volg waarin die hele proses verduidelik word. Die beoogde datum is 19 Oktober 2020. Ons wil by voorbaat ons ouers versoek om by die vergadering in te skakel, aangesien ons volgens Provinsiale Onderwysregulasies, ’n kworum van 50% van ons ouers benodig. Onthou dat die skoolgelde van 2021 by dié vergadering vasgestel gaan word. U kry ook by dié aanlyn geleentheid verslag oor die werksaamhede van die skool en die Beheerliggaam. Voorlopig is die gedagte om die vergadering soos ’n webinaar, met aanbiedinge en dokumente wat vooraf gesirkuleer word, te hanteer.

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za

Matriekafskeid 2020

In die media is berig dat GEEN matriekafskeid mag plaasvind nie. Ons het egter reeds 'n datum bepaal waarop ons 'n spesiale Kovid-vriendelike byeenkoms gaan hou. Dié geleentheid word só beplan, dat daar aan alle Kovid-reëls voldoen word. Ons leerders se veiligheid bly altyd ons eerste prioriteit. Hierdie geleentheid kan met reg nié as 'n matriekafskeid beskou word nie. Die formaat gaan radikaal anders as gewoonlik wees. Matrieks moet egter mooi aantrek, hulle hare laat doen en 'n uitsonderlike masker dra, sodat ons mooi foto's kan laat neem. Ons wil graag aan elke individu die geleentheid gee om so 'n bietjie met hulle blink vere en vuurwaens te spog. Dit gaan by die skool plaasvind.

Dis TYD !!!!!!!!!!

Vanaf Maandag, 14 September dra ons weer skoolklere. Ons gaan ook streng netheidskontrole hou om weer die trots in ons leerders se voorkoms te herstel. Kovid is geen rede waarom ons waardes en reëls moet verloor nie. Dis eerder 'n tyd om meer self-dissipline aan die dag te lê en leerders moet hulle-self in dié tyd met groter onderskeiding handhaaf. Ons maak by voorbaat staat op elke ouer se ondersteuning om seker te maak dat ons leeders aan drag- en gedragsvoorskrifte voldoen.

Ons nuutste Kovid-statistiek:

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di
		Augustus/September					Sept.	
Datum		31	1	2	3	4	7	8
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**0**	**0**	**1**	**1**	**1**	
	Ko-morbiditeit afwesig (werk van die huis af)	2	1	1	1	1	1	
	Siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	1	1	0	0	0	0	
	Gewone verlof	0	1	1	1	1	1	
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	1	
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**1**	**1**	**0**	**1**	**0**	
	Ko-morbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	11	4	8	4	9	4	
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	13	10	11	11	13	10	
	Afwesig ander rede	23	19	28	19	36	44	
TOTAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	2	2	2	2	2	2	0
	Herstel van Kovid-19	2	2	2	2	2	2	0
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**0**	**1**	**1**	**1**	**2**	**1**	**0**
	Ko-morbiditeit afwesig	13	5	9	5	10	5	0
	Siek (nié Kovid-19 verwant)	14	11	11	11	13	10	0
	Verlof/Afwesig ander rede	23	20	29	20	37	45	0

Ons wil weer elke gesin voorspoed in hierdie tyd toewens. Mag ons Skepper Sy Hand oor elkeen hou.

Groete.



Pieter Booysen

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za